
# LEESGIDS






DEUR MARIETA NEL

# Justin Fortuin, Skattejagter

deur Theresa van Baalen

# 'n Leesgids

Saamgestel deur Marieta Nel

LAPA
Jou leestuiste | Home to readers
Lehae la babadi | iKhaya labafundi

A division of
Penguin Random House
South Africa (Pty) Ltd

www.lapa.co.za

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.)
Bpk. Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel. (012) 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za
© Teks: Marieta Nel

ISBN 9780639604626 (ePDF)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

# JUSTIN FORTUIN, SKATTEJAGTER

Skrywer: Theresa van Baalen

LAPA Uitgewers




## 'N SEEKAPTEIN, 'N SKATTEJAG EN SPOKE ...

Justin Fortuin het glad nie lus om die vakansie saam met sy ma by haar tannie Mary te kuier nie. En wat daarvan as tannie Mary in 'n geheimsinnige ou kasteel by die see bly? Hy het ander vakansieplanne gehad.

Maar tannie Mary maak Justin se dag toe sy vir hom 'n pratende papegaai present gee. Hy vind gou uit Kaptein Kraakbeen is nie sommer énige papegaai nie, en kort voor lank is hy reg in die middel van 'n opwindende avontuur vol raaisels en geheime.

Spook dit in Kasteel Boekanier?

Sal Justin en sy vriend Liam die ou skeepskaptein se skat kan vind voor twee skelms dit doen?

Kategorie: Jeugfiksie
Ouderdom: 11+
Band: Sagteband
Formaat: 137mm x 212mm
Bladsye: 128
ISBN: 9780799395969
Publikasiedatum: Februarie 2020
Oplaag: 2 500 kopieë
Prys: R160.00

* * *

**Kort beskrywing**

Justin Fortuin het glad nie lus om die vakansie saam met sy ma by haar tannie Mary te kuier nie – al bly sy in 'n ou kasteel.
Maar kort voor lank is hy reg in die middel van 'n opwindende avontuur vol raaisels en geheime

# OPDRAG 1: PRELEES

1.1 Wie is die skrywer?
1.2 Wat is die naam van die hoofkarakter?
1.3 Vir watter ouderdomsgroep is hierdie boek?
1.4 Hoe lank is die boek?
1.5 Som die boek in drie woorde op.
1.6 Haal drie woorde uit bogenoemde teks aan wat aandui dat hier heelwat geheime in hierdie boek is wat opgelos moet word?
1.7 Watter soort lesers sal van die boek hou?
1.8 Wat maak jou opgewonde oor die boek?
1.9 Het jy al die Artemis Fowl-reeks of Jaco Jacobs se *Middernagfees* gelees?
1.10 Lees deur bogenoemde opsomming. Maak 'n lys van alles in die teks wat jy ook op die voorblad kan sien.

# OPDRAG 2: Kort begripstoets

Lees meegaande tekste oor Theresa van Baalen en haar boeke en antwoord dan die onderstaande vrae:

2.1 Wat is die ding wat Theresa die gelukkigste in die hele wêreld maak? Hoekom? (4)
2.2 Wat is haar hartsplek? (1)
2.3 Hoekom dink jy skryf sy onder twee name? (2)
2.4 Wat was Theresa se volledige naam (en van) as kind? (3)
2.5 Waaruit kan ons aflei dat Theresa baie lief vir die see is? Noem DRIE dinge. (3)
2.6 Hoe stem Justin Fortuin ooreen met die Sanri Steyn-reeks en wat is die grootste verskil? (3)
2.7 Hoe stem Justin Fortuin ooreen met *Middernagfees* van Jaco Jacobs? (2)
2.8 Watter parallelle is daar tussen Justin Fortuin en die Artemis Fowl-reeks? (2)

/20/


**Wat maak hierdie boek anders?**

*Theresa van Baalen is onder meer bekend vir die Sanri Steyn-reeks, wat 'n speurreeks vir dogters is. *Justin Fortuin, skattejagter* is weer gemik op seuns met speurelemente en avontuur daarby.
*In die mark is daar min boeke wat gemik is op seuns van 11+, en daarom vul hierdie boek 'n gaping in die mark.

**Waar pas die boek?**

Plaaslik kan hierdie boek met *Middernagfees* deur Jaco Jacobs vergelyk word. Albei verhale bevat elemente van fantasie, en is vir lesers van 11+.

Internasionaal kan die boek met Eoin Colfer se Artemis Fowl-reeks vergelyk word. Dit is ook 'n avontuurreeks vir lesers van 11+.






Oor die skrywer

Theresa van Baalen beskou dit as 'n wonderlike voorreg om kinderstories te kan skryf, juis omdat dit soveel ruimte bied vir kreatiwiteit. Kinderstories sal altyd haar eerste liefde wees. Haar alter ego, Cheryl Rogers, skryf romanses vir LAPA Uitgewers se Romanza-reeks. Cheryl is Theresa se tweede naam, en Rogers haar nooiensvan, so dit was 'n logiese keuse vir 'n alternatiewe skrywersnaam. Solank sy elke dag kan skryf, hetsy as Theresa of as Cheryl, is sy op haar gelukkigste. Sy woon tans op Hermanus, maar haar hart is, en sal altyd, in Port Nolloth wees.

Facebook:
Theresa van Baalen



# Antwoorde

## Opdrag 1

1.1 Theresa van Baalen
1.2 Justin Fortuin
1.3 Elf en ouer
1.4 128 bladsye
1.5 Avontuur by see.
1.6 geheimsinnige, raaisels en geheime
1.7 Seuns en meisies wat van avonture, raaisels en skattejag hou.
1.8 Hier is sprake van skatte wat gejag word en spoke.
1.9 Nee, wel Jaco se *Middernagfees*.
1.10 Justin, Liam, kasteel, see, papegaai.

## Opdrag 2

2.1 Om kinderstories te skryf, want sy is baie lief vir skryf en mens kan lekker kreatief wees. (4)
2.2 Port Nolloth. (1)
2.3 Sy skryf verhale vir kinders onder die naam "Theresa van Baalen" en liefdesverhale vir volwassenes onder die naam "Cheryl Rogers". (2)
2.4 Theresa Cheryl Rogers. (3)
2.5 Port Nolloth is haar gunstelingplek, sy woon tans op Hermanus en sy skryf graag boeke oor die see – soos Justin Fortuin. (3)
2.6 Beide is avontuurreekse, maar Sanri Steyn is vir dogters en Justin Fortuin vir seuns. (3)
2.7 Beide het fantasie-elemente en is vir 11 jaar+. (2)
2.8 Beide is avontuurverhale en geskik vir 11 jaar+. (2)

/20/

# Hoofstuk 1
# KASTEEL BOEKANIER EN KAPTEIN KRAAKBEEN

1. Soeklees vir die volgende:
   1.1 Vier woorde of frases op bl. 5 wat die kasteel beskryf.
   1.2 ’n Paragraaf op bl. 7 wat voorspel dat hier dalk slegte dinge / ’n gevaarlike avontuur op Justin wag.
   1.3 Twee opeenvolgende woorde op bl. 8 wat slegte dinge voorspel.

2. Tydens dialoog gebruik mens dikwels meer informele taal. Skryf die onderstreepte informele woorde in die volgende sinne oor in Standaardafrikaans:
   2.1 “My <u>jis</u> is deurgesit.”
   2.2 “Die plek is regtig <u>cool</u>.”
   2.3 My <u>tjommies</u> sal dit in ’n honderd jaar nie glo nie.”

3. Was Justin van die begin af opgewonde oor hierdie besoek? Motiveer jou antwoord.

4. Waarmee word hulle stadige rit teen die bergpas af in die Toyota vergelyk?

5. Hoekom gril Justin toe hy sy tannie groet?

6. Wat gebruik hulle wanneer daar so baie kragonderbrekings in die kasteel is?

7. Wat is alles vreemd aan Justin se slaapkamer?

8. Watter soort papegaai is Kaptein Kraakbeen?

9. Hoekom dink jy gee tannie Mary die papegaai vir Justin as present?

# Antwoorde

1.1 “geheimsinnig”, “spookagtig”, “klipkasteel”, “hoë toring”, “lang, smal vensters”, “verskriklike groot plek”
1.2 “Justin ril. Al wat nog kort, is ’n heks, ’n paar vlermuise en ’n draak.”
1.3 “onheilspellende skaduwees”

2.1 sitvlak, boude
2.2 wonderlik, interessant
2.3 vriende

3. Nee. Hy was baie kwaad dat hy saam met sy ma by sy stokou tannie moet kom vakansie hou.

4. Met ’n slak se beweging (dus baie stadig).

5. Hy moet haar soen en sy het hare op haar gesig.

6. Fakkels en kandelare met kerse.

7. Daar is ’n hemelbed, spinnerakke teen die dak en ’n derde deur.

8. ’n African grey.

9. Sy wil ontslae raak van hom en sy kan sien Justin wil hom graag hê.

# Hoofstuk 2
# PROFESSOR SMIDT

Kies elke keer die regte antwoord uit Kolom B wat by Kolom A se vraag pas. Skryf net die regte nommer neer, bv. 1c, 2d.

| **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|
| 1. Justin | a. Justin se Wiskunde-onderwyser |
| 2. Kaptein Kraakbeen | b. Justin se ouma |
| 3. Professor Smidt | c. Justin se ouma se suster |
| 4. Ou Suurknol Petersen | d. Justin se ma |
| 5. Tannie Mary | e. Justin se Geskiedenis-onderwyser |
| 6. Lillian | f. Die papegaai se nuwe baas |
| | g. Hy doen navorsing oor kastele. |
| | h. Hy weet die professor is nie wie hy voorgee om te wees nie en wil ontslae raak van hom. |

# Antwoorde

1f; 2h; 3g; 4a; 5c; 6d

# Hoofstuk 3
# HOES, PROES, ROES, VERWOES

1. Watter geluid maak 'n papegaai?
2. Waarvan hou Kaptein Kraakbeen baie?
3. Watter woorde herhaal Kaptein Kraakbeen 'n paar keer? Vertaal hierdie woorde in Engels. Waarna dink jy verwys dit?
4. Watter sin herhaal Kaptein Kraakbeen 'n paar keer? Vertaal die sin in Engels. Waarna dink jy verwys dit?

# Antwoorde

1. krys
2. As Justin sy koppie krap.
3. Hoes (*cough*), proes (*snort*), roes (*rust*), verwoes (*devastate*). Is dit dalk leidrade wat tot die skat sal lei?
4. Soek die krag binne-in. (*Search for power from within*.) Dalk raad aan Justin Fortuin dat hy moet staatmaak op sy innerlike krag.

# Hoofstuk 4
# KAPTEIN VERWOES

1. Hoe lyk Nicholas anders as ’n gewone kelner? Waarna lyk hy?
2. Hoekom moet Justin sy hande gaan was terwyl hulle eet?
3. Watter toneel is op die tapisserie naby die badkamer uitgebeeld?
4. Wat sê Kaptein Kraakbeen toe hy die tapisserie sien? Na wie dink jy verwys hy?
5. Watter ongewone ding gebeur met die tapisserie?

# Antwoorde

1. Hy is groot en gespierd, dra ’n vuilerige voorskoot, het ’n litteken op sy linkerwang, het ’n oogklap oor sy oog en sy hare is borselkop geskeer. Na ’n seerower.
2. Kaptein Kraakbeen het ’n blerts op sy mou gemaak en Justin het dit met sy hand afgevee. Hy kan nie met hierdie vuil hand eet nie.
3. ’n Seilskip op ’n stormsee met ’n grys voël wat op die maspaal sit.
4. Kaptein Verwoes. Hy verwys waarskynlik na die kaptein van die seilskip wat verdwyn het.
5. Die prent begin lewe en die skip loop op die rotse.

# Hoofstuk 5
# LIAM


Kies die regte antwoorde uit Kolom B vir die vrae in Kolom A. Skryf net die nommers neer, bv. 1a, 2f.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1. Die klein seuntjie met die blonde hare en sproete. | a. Piesangs. |
| 2. Die seuns wat vir Liam afknou. | b. Justin. |
| 3. Wat noem Liam die seuns? | c. Die boelies. |
| 4. Liam se redder. | d. Liam. |
| 5. Wat wil Liam se redder as beloning hê? | e. Kaptein Kraakbeen |
| | f. ’n Koekie. |

# Antwoorde

1d; 2c; 3a; 4e; 5f

# Hoofstuk 6
# Jock se winkel



**LEIDRADE:**

Dwars:

1. Wat Justin graag saam met Liam sal wil gaan doen.
2. Wat Kaptein Kraakbeen gee toe hy sy naam hoor.
3. Die naam van die seekaptein wie se boot op die rotse geloop het en wat die kasteel gebou het.
4. Waarvan het Liam altyd min?

Af:

5. So cool soos 'n …
6. Wat Justin graag saam met Liam sal wil gaan doen.
7. Wat Justin graag by die winkel wou gaan koop.
8. Wat Justin graag saam met Liam sal wil gaan doen.
9. Wie se winkel op die dorp verkoop alles?
10. Wat die seekaptein aan sy pinkie gehad het en nou aan Kaptein Kraakbeen se poot sit.

# Antwoorde

Dwars:

1. skaatsplankry
2. wolwefluit
3. Verwoes
4. geld

Af:

5. komkommer
6. swem
7. flits
8. visvang
9. Jock
10. ring

# Hoofstuk 7
# Die grot

Voltooi die gesprek tussen Justin en Liam (in jou eie woorde):

Justin (opgewonde): Kyk ...
Liam: Pragtig, my ouma ....
Liam: Kyk net na hierdie groot, swart rots. Dit lyk soos ... Dis hier waar ...
Justin: Kan jy 'n geheim hou? Ek wil jou vertel van die tapisserie ...
(Kaptein Kraakbeen vlieg weg.)
Justin: Kom, Liam, ons moet ...
Liam (opgewonde): Haai, kyk daar! Kyk! ...
Justin: Kom ons gaan in of is jy 'n ...?
Liam: Wag vir my. Ek sal jou wys ek ...!

# Antwoorde

Justin (opgewonde): Kyk hierdie stukkie groen glas.

Liam: Pragtig, my ouma het 'n bottel vol hiervan by die huis soos ons dit deur die jare opgetel het.

Liam: Kyk net na hierdie groot, swart rots. Dit lyk soos 'n renoster se horing. Dis hier waar die skip destyds op die rotse geloop het.

Justin: Kan jy 'n geheim hou? Ek wil jou vertel van die tapisserie van die skip wat nou die aand lewend geword het.

(Kaptein Kraakbeen vlieg weg.)

Justin: Kom, Liam, ons moet Kaptein Kraakbeen volg.

Liam (opgewonde): Haai, kyk daar! Kyk! Dit lyk soos die opening van 'n grot en daar is Kaptein Kraakbeen.

Justin: Kom ons gaan in of is jy 'n bangbroek?

Liam: Wag vir my. Ek sal jou wys ek is nie bang nie!

# Hoofstuk 8
# 'n Geheime tonnel

Kies uit die lysie woorde elke keer 'n sinoniem vir die onderstreepte woorde:

| |
|---|
| mure, verbaas, vrek stil, dak, regaf, weerklink, onhoorbaar, doodstil, echo, bang |

1. Binne die grot is dit naderhand <u>tjoepstil</u> om hulle.
2. Justin skyn met sy flits op die <u>wande</u> van die grot.
3. Kaptein Kraakbeen se kraakstem <u>eggo</u> deur die grot.
4. Liam kyk <u>beangs</u> rond.
5. Die wande van die grot is <u>steil</u>.
6. Kaptein Kraakbeen kom sit <u>geruisloos</u> op Justin se skouer.
7. Justin roep <u>verras</u> uit dat daar 'n tonnel agter die rots is.

**Wat is 'n wolwefluit?**
Gaan doen 'n bietjie navorsing oor wat 'n wolwefluit is. Dit word deesdae nie meer so baie gebruik nie, maar jou ouers sal weet wat dit is. Dit word nogal gereeld in Italië gebruik.

Hoekom dink jy gee Kaptein Kraakbeen graag 'n wolwefluit.

# Antwoorde

1. doodstil
2. mure
3. weerklink
4. bang
5. regaf
6. onhoorbaar
7. verbaas

Vir die onderwyser: 'n Wolwefluit is 'n entoesiastiese fluit van 'n man as daar 'n aantreklike vrou verby stap. Gesels met die klas oor die geskiktheid van 'n wolwefluit in vandag se samelewing waar daar 'n groot fokus op respek teenoor vroue is.

Interessant dat die skrywer sê dat Kaptein Kraakbeen wolwefluite gee. Enersyds beklemtoon dit sy entoesiasme, maar verder is dit 'n bietjie humor van die skrywer se kant af.

# Hoofstuk 9
# 'n Geheime kamer

Kies uit die volgende lys werkwoorde om by elke sin in te vul:

| |
|---|
| kraak, klop, koes, lyk, kloof, skud, glip, briek, is vermom, breek |

1. Justin se flitslig … 'n pad oop deur die donkerte.
2. Die trappies … op pad boontoe.
3. Hulle moet … vir die dak wat so laag is.
4. Justin … skielik toe die dak te laag raak.
5. Justin … teen die dak om te hoor of dit hol is.
6. Die sleutel wat Kaptein Kraakbeen vir hulle gegee het, … by die sleutelgat in.
7. Die valdeur na die kamer … soos die deksel van 'n ou seetrommel.
8. Deur die ronde venstertjie sien hulle yslike golwe op die rotse …, maar deur die lang, smal venster … die strand stil en rustig.
9. Liam en Justin … plegtig hande.

| |
|---|
| Watter *deal* maak Justin en Liam? Wat is 'n *deal* in Afrikaans? |

# Antwoorde

1. kloof
2. kraak
3. koes
4. briek
5. klop
6. glip
7. is vermom
8. breek, lyk
9. skud

Hulle gaan die skat vind. *Deal* = ooreenkoms.

# Hoofstuk 10
# TERUG IN DIE KASTEEL

1. Watter van die skeepsgoed waarop Liam en Justin in die ou kamer afkom, kan jy op die foto identifiseer?





2. Hoekom is dit vreemd toe hulle skielik ’n horlosie buite die kamer hoor? Wat lei hulle hieruit af?
3. Hoe help Kaptein Kraakbeen hulle om die geheime deur na die kasteel te vind?

# Antwoorde


1. kompas, teleskoop, sekstant, bronslantern, seekaart
2. Dit beteken dat hulle naby die kasteel moet wees. Dat die kasteel ’n geheime deurgang na die grot het.
3. Hy sê aanmekaar “Shakespeare” totdat hulle besef een van Shakespeare se boeke gaan hulle help om die deur oop te kry.

# Hoofstuk 11
# Wie is Professor Smidt nou eintlik?

Bestudeer die diagram. Merk al die woorde wat (volgens jou) op Professor Smidt van toepassing is met 'n regmerk of kleur dit groen in. Alles wat nie op hom van toepassing is nie, moet met 'n kruisie gemerk word of met rooi ingekleur word.




## Antwoorde



# Hoofstuk 12
# DIE TORING

1. Teken die kasteel met sy toring. Skryf langs die toring wie daarin woon.
2. Wat lei jy alles uit die volgende telefoongesprek van Professor Smidt af?

   *"... dis moeiliker as wat ek gedink het ... die plek is soos 'n doolhof ... ander probleem ... twee lastige kinders wat hier ronddwaal ..."*
   *"... ons sal dit vind as dit hier is ... nog net 'n paar dae ... ons gaan ryk wees ... Goed, sien jou dan môre ... ja, elfuur ... agter die ou Roomse kerk ..."*

# Antwoorde

1. Tekening. Professor Smidt.
2. Hy sukkel om iets reg te kry – hy soek waarskynlik na die skat. Sy soektog word bemoeilik deur die kasteel wat so deurmekaar soos 'n doolhof is en die twee seuns wat ook rondsnuffel. Hy het nog 'n paar dae nodig, maar is sseker hy sal dit vind en dan gaan hulle ryk wees. Hy spreek af om die persoon die volgende oggend om elfuur agter die Roomse Kerk te ontmoet.

# Hoofstuk 13
# SOEK DIE KRAG BINNE-IN

1. Verduidelik in detail wat Kaptein Kraakbeen bedoel met sy woorde:
   Soek die krag binne-in?
2. Hoe wys Kaptein Kraakbeen elke keer as Justin iets reg doen?
3. Wat vind Justin op die ou end?
4. Wie/wat gaan Justin nodig hê om die skat te vind?
5. Watter opdrag word gegee aan die persoon wat die skat vind?

# Antwoorde

1. Justin moet die krag binne-in die hokkie soek. Dis toe in die tweede stokkie wat Justin skoonmaak. Hy ontdek dat dit eintlik 'n metaalstaaf is waarop daar 'n rympie geskryf is. Met Kaptein Kraakbeen se leiding kom hy agter dat hy die metaalstafie moet oopmaak, want daar is iets binne-in.
2. Hy gee 'n wolwefluit.
3. 'n Brief van die seekaptein, Kaptein Hendrik Verwoes.
4. Kaptein Kraakbeen, die metaalstafie en die pinkiering om die voël se poot.
5. Hy moet die kurator (bewaarder) van die skat wees en goed doen aan ander.

# Hoofstuk 14
# 'n Kaart van die kasteel

1. Wat dink jy is die vier belangrikste vaardighede/eienskappe wat Justin en Liam nodig het om die skat te vind? (Nommer die belangrikste vier vaardighede/eienskappe in volgorde van belangrikheid.)

krag
superkragte
spoed
gewapend wees
intelligensie
towerkrag
geluk
leesvaardigheid
luistervaardigheid
spanwerk

2. Wat vind hulle alles in die kas? Watter vonds dink jy is die belangrikste?

# Antwoorde

1. Belangrikste: leesvaardigheid (as hulle nie goed en fyn kan lees nie), kan hulle nie die instruksies volg nie.
   Tweede belangrikste: luistervaardigheid (as hulle nie mooi luister na Kaptein Kraakbeen se reaksie nie, gaan hulle nie vordering maak nie.)
   Derde belangrikste: intelligensie (moet die leidrade kan uitwerk.)
   Vierde belangrikste: spanwerk (hulle moet saam met mekaar en die voël werk.)
2. Kaptein Verwoes se notaboek, drie seekaarte, 'n kaart van die baai en die kasteel en 'n vloerplan van die kasteel.

# Hoofstuk 15
# Die ontmoeting

1. KOMPETISIE!
   Jy het presies twee minute. Kyk hoeveel woorde uit die hoofstuk jy kan neerskryf waarin daar 'n lang aa voorkom.
2. Wat lei jy af uit die voorkoms van die man wat Professor Smidt kom ontmoet? Waaruit lei jy dit af? Dink jy dis reg as jy ander mense so stereotipeer?
3. Die man wil hê die twee seuns moet van kant gemaak word. Wat beteken dit?
4. Watter spesiale funksie het die ring en die ysterstafie?

# Antwoorde

1.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| aandag | begraafplaas | daar | gaan | haal |
| kaalkop | kaarte | Kraakbeen | laat | langsaan |
| maak | maar | mekaar | onaardse | oopmaak |
| praat | raaksien | ronddwaal | saam | skaars |
| slaap | slaapkamer | snaaks | sowaar | toegaan |
| vandaan | verstaan | | | |

2. Hy lyk soos 'n skelm/misdadiger/seerower. Hy het 'n kaalkop, 'n litteken oor sy voorkop en aan sy linkeroor hang 'n yslike silwer ring.
   Ja. Mens is wantrouig oor iemand wat so lyk.
   Nee. Dis nie reg as mens iemand op sy voorkoms takseer nie.
3. Hulle moet doodgemaak word.
4. Dit werk soos 'n mikrofoon en 'n oorfoon.

# Hoofstuk 16
# Geheime kamer langs die biblioteek

1. Na wie verwys die volgende:
   1.1 potloodsnor?
   1.2 bleskop?
   1.3 bogsnuiters (jong kinders)?
   1.4 kroeks?
   1.5 luiaard?
2. Watter twee boeke dink die seuns gaan hulle help om die ingang na die versteekte kamertjie langs die biblioteek te vind?

# Antwoorde

1.1 Professor Smidt.

1.2 Sy vriend, die skelm.

1.3 Justin en Liam.

1.4 Professor Smidt en sy vriend.

1.5 Justin.

2. *Treasure Island* en *Dr Jekyll and Mr Hyde*.

# Hoofstuk 17
# JUWELE EN ANDER SKATTE

1. Hoe slaag die seuns daarin om met behulp van die twee boeke die geheime kamer langs die biblioteek binne te kom?
2. Vul die 18 skatkiste wat die seuns ontdek met al die skatte waarop hulle afgekom het. Jy kan dit teken of langsaan neerskryf wat dit is.



3. Wat wil die mans met die twee seuns doen?

# Antwoorde

1. Agter elke boek is ’n knop en as mens gelyktydig daarop druk, swaai die deur oop.
2. Goue munte; outydse juweliersware; stringe pêrels; goue kettings; tiaras van goud met diamante en robyne; goue en silwer eetgerei; stafies goud; edelgesteentes; juweliersware; nog goue munte.
3. Hulle in die toring gaan toesluit.

# Hoofstuk 18
# DIE TORINGKAMER

1. Watter interessante toerusting is in die toringkamer?
2. Hoekom word die seuns in die badkamer toegesluit?
3. Hoe slaag hulle daarin om uit die badkamer te ontsnap?
4. Hoe help Kaptein Kraakbeen hulle elke keer deur of hulle planne goed of af te keur?
5. Wat dink jy van Justin se plan dat hy en Kaptein Kraakbeen die skurke sal besig hou terwyl Liam Justin se ma moet gaan soek?

# Antwoorde

1. Elektroniese apparaat en televisiemonitors waarop mens presies kan sien wat in die biblioteek gebeur.
2. Die toringkamer kan nie van buite gesluit word nie.
3. Justin plaas die brief onder die deur en wikkel aan die sleutel in die deur sodat dit op die brief kan val. Dan trek hy dit onderdeur die deur.
4. As hy ’n wolwefluit gee, keur hy dit goed. As hy vir Justin ’n luiaard noem, keur hy dit af.
5. Eie mening.
   Goeie plan, want Kaptein Kraakbeen is vol inisiatief.
   Slegte plan, want ’n seun en ’n papegaai kan tog nie twee volwasse mans uitoorlê nie.

# Hoofstuk 19
# KAPTEIN KRAAKBEEN TOT DIE REDDING

"Justin, wát het hier gebeur en hoe het jy daai twee yslike lummels vasgemaak gekry?"
Justin bloos. "Ag, Mammie, dit was niks. Dis eintlik 'n baie lang storie ..."

1. Hoekom bloos Justin, dink jy?
2. Vertel die lang storie in 'n kort paragraaf.
3. Aan wie dink jy behoort die horlosie wat so aanhoudend tik?
4. As jy Justin en Liam was en julle kon besluit wat met die skat moet gebeur, wat sou julle besluit?

## Antwoorde

1. Hy het self nie veel gedoen nie, maar is gehelp deur Kaptein Kraakbeen en waarskynlik deur Kaptein Verwoes.
2. Kaptein Kraakbeen praat in 'n bulderende manstem en wanneer die mans verward omkyk, tref 'n goue bord die een teen die voorkop en die ander een word met die hef van sy swaard agter die kop getref. Terwyl altwee bewusteloos op die grond lê, bind Justin hulle vas.
3. Kaptein Verwoes. Hy dwaal dus in die kasteel rond.
4. Eie mening. Weeskinders, arm mense. Die kasteel herstel. Vir Liam-hulle help.

LAPA

Jou leestuiste | Home to readers
Lehae la babadi | iKhaya labafundi

A division of
Penguin Random House
South Africa (Pty) Ltd

www.lapa.co.za